higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE PATROONKONSTRUKSIE N4

(10010454)

31 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Kandidate mag tekeninstrumente en sakrekenaars gebruik.

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 2 addenda.

139Q1J2131

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE PATROONKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

5. Al die ontwerpe moet volgens die aangeduide skaal op wit TIKPAPIER gedoen word. Gebruik slegs 'n swart fynomynpen om die konstruksielyne duidelik aan te toon.

6. Moet nie die ontwerpe uitsny nie. Plak hulle in die ANTWOORDBOEK. Geen los dele sal gemerk word nie.

7. Genoeg basiese patroonblokke is voorsien vir beplanning en manipulasie, dit nie nodig om enige blokke na te trek ('trace') nie.

8. Manipulasies moet ook regstreeks in die ANTWOORDBOEK geplak word. Voeg dan naat- en soomtoelatings by, indien nodig.

9. Werk netjies.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Gebruik om swaardienskarton te sny wanneer pasgemaakte blokke vir fabrieksgebruik gemaak word:

A Natrekwiel
B Kramdrukker
C Stanley-mes
D Maatband

1.1.2 Gebruik om lyne en kurwes van een patroon of papierdeel na 'n ander oor te dra:

A Natrekwiel
B Buigsame liniaal ('Flexiruler')
C Liniaal ('Ruler')
D Tekenkromme ('Curved ruler')

1.1.3 Metaalmeetsok ('Metal ruler') met skaal op rugkant en twee arms wat 'n hoek van 90° vorm:

A Liniaal ('Ruler')
B Buigsame meetstok ('Flexible rule')
C Meetstok
D Kleremakerstekenhaak

1.1.4 Gebruik om alle soorte kurwes te maak om patrone te ontwerp:

A Meetvierkant ('Graduated square')
B Tekenkromme ('French curve')
C Driehoek
D Verstelbare tekendriehoek

1.1.5 Gebruik vir lengtekurwes op tweestukmoue, lapelle en vir sommige 'feathered' soomlyne:

A Tekenkromme ('Curved rule')
B Meetvierkant ('Graduated square')
C Verstelbare tekendriehoek
D Meterstok

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Gebruik om materiale vir drapeersel en pasprosesse vas te steek:

A Drukspelde
B Stanley-snyer
C Kopspelde
D Duimdrukkers

1.1.7 Gebruik in patroonontwerp om figuurvorms en rondom kurwes te meet:

A Driehoek
B Maatband
C Liniaal
D Buigsame liniaal

1.1.8 Druk klein gaatjies op patrone om pylnaatpunte, knipdetail, knoopsgatplasings en sakposisies aan te dui:

A Patroonkeepmerke
B Kopspelde
C Patroongewig
D Els ('Awl')

1.1.9 Gebruik om patrone in die werkwinkel op te hang:

A Ringers
B Konynpons
C Natrekwiel
D Duimdrukkers

1.1.10 Gebruik om alle patroonstukke te sny ongeag die materiaal:

A Kramdurkker
B Maatband
C Skêr ('Shears')
D Patroonkeepmerke

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf:

1.2.1 … is 'n praktiese manier om patrone te ontwerp deur materiaal in 'n kledingstuk te modelleer op 'n figuur of 'n paspop.

1.2.2 Plat patroonontwerp is die konstruksie van blokke en patrone op papier op 'n …

1.2.3 Twee soorte … definieer 'n term wat 'n ooreenstemming van vertikale en laterale lyne aandui waarop proporsies getoon word van sekere mates wat van 'n figuur verkry is.

Kopiereg voorbehou

1.2.4 Die … meetstelsel is die afmetings geneem as die basiese afmetings waarvan sekere proporsies gebruik word om 'n basiese blok te ontwerp.

1.2.5 Volgens die… stelsel word mate regstreeks aan 'n figuur gemeet.

(5 × 2) (10)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B om te pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Grondpatroon wat natuurlike figuurlyne volg en die korrekte proporsies en passings gee	A	handelsblok
		B	patroonmanipulasie
1.3.2	Basis van patroonontwerpstelsel	C	werkspatroon
1.3.3	Kan ontwikkel word van basiese blokke wat deur regstreekse ontwerp verskaf word	D	patroongradering
		E	basiese blokpatroon
1.3.4	Aanpassing van standaardblok om vereistes van vervaardiger te pas	F	meesterpatroon
		G	merkers
1.3.5	Volledig voltooide gestileerde patroon met naattoelatings	H	primêre blok
1.3.6	Gevormde dele van gestileerde patroon op papier gesny van basiese patroonblokke sonder naattoelatings	I	patroonaanpassing
		J	sekondêre blokke
1.3.7	Papierlengte met afdrukke van alle patroondele wat saam uitgeknip moet word	K	patroonlyne
		L	produksiepatroon
1.3.8	Patroonstel wat gekorrigeer en afgerond is met elke nodige patroondeel vir die voltooiing van 'n kledingstuk		
1.3.9	Insnyding en uitskuiwing of swaai van patroondele om die oorspronklike vorm te verander		
1.3.10	Verandering van basiese blok om verskeie oneweredige figuurverhoudings te pas		

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.4 Noem 10 belangrike etikette, merke en nate wat op 'n finale patroondeel aangetref word. (10)

1.5 Identifiseer die patroonmerke en nate in die skets hier onder deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.



(10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Volg die instruksies op bladsy 2.

VRAAG 2

Ontwerp 'n damespatroonblok, grootte 13, volgens vyfde skaal deur die instruksies en mate hier onder te gebruik.

MATE

Bors	88 cm
Ruglengte	39,5 cm
Rugbreedte	33 cm
Middel	66 cm

INSTRUKSIES

Skaal = halfborsmaat = 88/2 = 44 cm. Merk punt 0 45 cm (meet op skaal) afwaarts vanaf die linkerhoek bo en 25 cm na regs op die linkerkant van die papier.

0–1 ¼-skaal plus 9 cm af, trek reghoekig na regs vir mousgatdieptelyn.

0–2 Ruglengte af, trek reghoekig na regs vir middellyn.

0–3 In die middel tussen 0 en 1, trek reghoekig na regs vir rugbreedte (oor rug).

2–4 2 cm na regs. Verbind 0 tot 4 vir nuwe middelagterlyn en merk 3A na regs van 3 op nuwe middelagterlyn.

3–5 Merk 5 waar middelagterlyn die lyn vanaf 1 kruis.

0–6 1/6-skaal minus 6 mm na regs (nek agter) (6,7 cm).

6–7 2 cm, reghoekig na bo getrek. Trek 'n ronding van 7 na 0 vir neklyn agter.

3A–8 Halwe maat oor rug agter na regs (16,5 cm). Trek reghoekig afwaarts en merk 9 op mousgatdieptelyn.

5–10 2/3-skaal minus 1,2 cm reghoekig getrek na regs (28 cm).

10–11 1/6-skaal reghoekig getrek na regs (7,3 cm). Trek reghoekig op van 0 tot bokant van konstruksielyn en merk 13.

5–12 Halfborsmaat plus 2,5 cm vir gemak, na regs (46,5 cm). Trek reghoekig op en af vir middelvoorlyn. Merk 24 op middellyn.

13–14 1/12-skaal minus 1,2 cm, reghoekig na bo getrek (2,5 cm).

Kopiereg voorbehou

3A–15 2 cm na bo op middelruglyn. Verbind 15 en 14 en verleng lyn sodat dit middelvoorlyn raak.

16 Trek reghoekig op vanaf 8 en merk 16 op lyn van 14 na 15.

16–17 1,2 cm na regs op lyn van 14 tot 15. Verbind 7 tot 17 vir agterskouerlyn.

14–18 Agterskouerlengte minus 6 mm gemeet na links op lyn van 14 tot 15.

18–19 2 cm reghoekig na onder getrek.

10–20 4 cm reghoekig na bo getrek. Verbind 19 tot 20 en merk X 1,2 cm na regs op borslyn (lyn reghoekig getrek van 3). Verbind 19 tot X tot 20, trek 'n ronding afwaars na mousgatlyn, op tot 8 tot 17 vir mousgatholte. Merk skouerbalanspunt agter by 8. Meet 2 cm op van mousgatlyn waar dit die mousgatkurwe raak, naby 10, vir skouerbalanspunt voor.

21 – middel-voor-lyn 1/6-skaal minus 6 mm, na links op lyn 14 tot 15 (6,7 cm). Om 21 te bepaal, beweeg tekendriehoek opwaarts vanaf middelvoorlyn totdat meting 6,7 cm die lyn van 14 tot 15 raak.

22 Plaas driehoek op middelvoorlyn sodat dit 21 raak en merk 22 op middelvoorlyn.

22–23 1/6-skaal, 7,3 cm afwaarts. Verbind 21 tot 23 vir neklynronding voor.

25 Merk 25 langs 24 op middellyn vir middelvoorlyn.

26 Halfpad tussen 10 en 12.

26–27 Trek reghoekig op na 14 tot 15 en merk 27.

27–28 Dieselfde mate as vir 14 en 21, gemeet vanaf 27 na links. Merk Y. Om 28 te merk, swaai op 26 om 26 tot 2 dieselfde afstand te maak as 26 na 28 deur punt Y. Verbind 28 en 26 met 27 om die borsbeheerpylnaat voor te vorm. Verbind 19–28, 27–21 vir skouerlyn voor.

29 Halfpad tussen 9 en 10. Trek reghoekig af na 30 op middellyn.

4–31 Kwart middelmaat plus 2,5 cm na regs (19 cm). Verbind 29 tot 31 (agter synaat).

4–33 7,5 cm na regs.

33–34 2,5 cm (pylnaattoelating) na regs. Bepaal pylnaatmiddellyn. Trek 16 cm reghoekig op. Voltooi pylnaat.

Kopiereg voorbehou

24–32 Kwart middelnaat plus 4 cm na links (20,5 cm). Verbind 29 tot 32 (voorsynaat). Trek reghoekig af van 26 vir pylnaatmiddellyn. Lengte van pylnaat voor = 14 cm. Wydte van pylnaat = 4 cm. Dui blokinligting aan.

[50]

VRAAG 3

Gebruik ADDENDUM A om die manipulasies hier onder vir 'n vyfjarige meisie te maak. Manipuleer die lyfieblok voor- en agterkant op halfskaal met 'n knoop aan die agterkant en 'n verlengde belegsel.

MATE

Diepte van belegsel	5 cm
Knoopdiameter	2 cm
Knoopstrook	2 cm
Naattoelating	1,5 cm
Naattoelating belegselkant	5 mm
Knoopspasiëring	7 cm

3.1 Gee die beplanning in van die lyfieagterkant. (13)

3.2 Gee die beplanning in van die lyfievoorkant. (8)

3.3 Gee die finale beplanning in van die lyfieagterkant. (19)

INSTRUKSIES

RUG
Voeg die knoopgatstrook by (2 cm).

Trek die rugbelegsel (5 cm).

Dui MR aan.

Merk die knoopsgate (2 cm).

Dra die belegsellyn oor na die verlengde belegsel.

Voeg naattoelaltings by.

Dui die draadrigting aan.

Etiketteer die patroon.

Kopiereg voorbehou

VOORKANT
Dui middelvoor aan.

Trek die belegsel (5 cm).

Dui die draagrigting aan.

Etiketteer die patroon. **[40]**

VRAAG 4

Gebruik die damesrompblok, grootte 13, op ADDENDUM B en gee die manipulasies in van 'n A-lyndamesromp volgens vyfde skaal.



4.1 Gee die beplanning in vir die romp voorkant. (13)

4.2 Gee die beplanning in vir die romp agterkant. (17)

INSTRUKSIES EN MATE

VOORKANT
Trek die heuplyn.

Merk A by die synaatheuplyn.

B Synaatsoomlyn

B–C 4 cm uit van die synaatsoomlyn vir die klokval.

Trek die nuwe synaat van A tot C.

Dui middelvoor aan.

Kopiereg voorbehou

AGTER
Trek die heuplyn.

Dui middelagter aan.

Merk A by die synaatheuplyn.

B Synaatsoomlyn

B–C 4 cm uit van die synaatsoomlyn vir die klokval.

D Pylnaatpunt

Middelagter–E: 2 cm

Verbind D met E.

Dui die snylyn ('slash line') van E tot D aan.

Sluit ('Close') die agterpylnaat.

Merk die ritslengte 20 cm.

Dui die draadrigting aan.

Etiketteer die patroon. **[30]**

VRAAG 5

Bestudeer die skets en ontwerp die seunshempskraag volgens volskaal deur die mate en instruksies hier onder te gebruik:



MATE

Nekomtrek	28,5 cm
Knoopgatstrook	1,5 cm
Boordjiebanddiepte	4,5 cm
Boordjieband	2,5 cm

INSTRUKSIES

Merk 0 as beginpunt aan die linkerkant van die papier.

0–1 Halfnekomtrek DUC

1–2 1,5 cm

1–3 2,5 cm boordjiebanddiepte

3–4 1,5 cm knoopstrook

0–5 2,5 cm boordjiebanddiepte

Fatsoeneer die boordjieband van 0–2, 2–4 en deur 3 tot 5.

3–6 6 mm reguit opgetrek vanaf 3

5–7 4,5 cm kraagdiepte

6–8 6,5 cm vir fatsoenering van buiterand van kraag teen enige verlangde hoek geplaas

Kopiereg voorbehou

Merk die knoopsgate.

Trek ('Trace') die kraag en die knoopstrook.

Dui die draadrigting aan.

Etiketteer die kraag.

[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

INLEIDENDE PATROONKONSTRUKSIE N4

ADDENDUM A



Kopiereg voorbehou

INLEIDENDE PATROONKONSTRUKSIE N4

ADDENDUM B



Kopiereg voorbehou